South African Wood Preservers Association

Nuusbrief 212

Augustus 2017

Geagte Lede,

STREEKVERGADERINGS

Lede word genooi na die volgende rondte streekvergaderings soos hieronder uiteengesit, en word versoek om enige voorstelle vir agendapunte aan te stuur na SAWPA toe. Spesifiseer of die besprekingspunt vir 'n spesifieke streekvergadering is, of is dit bedoel vir bespreking by alle streekvergaderings. Indien voorbereiding deur SAWPA verlang word moet u die nodige agtergrond saam met die agendapunt indien. Neem kennis dat die steekvoorsitters gedurende hierdie rondte vergaderings genomineer en aangestel word.

Streekvergadering skedule Augustus /September

Region	Date	Venue
Mpumalanga	30 Augustus 2017	Forever Resorts, Badplaas
KwaZulu-Natal	1 September 2017	Victoria Buite Klub, Pietermaritzburg
Limpopo	4 September 2017	Pietersburg Klub
Gauteng	6 September 2017	SAWPA, Isando
Southern/Eastern Cape	8 September 2017	Pine Lodge, George
Western Cape	11 September 2017	Lourensford Estate, Somerset Wes

Alle streekvergaderings begin om 10:00. Verversings word voor die vergadering bedien, en na afloop van elke vergadering word middagete bedien. Vir sitplek en ete relings vra ons dat u asseblief met Sue sal bevestig by 011 974 1061 of sawpa@global.co.za indien u beplan om enige van die vergaderings by te woon.

IRG49 JOZI – 29 APRIL TOT 3 MEI 2018

IRG49
29 APRIL – 3 MAY 2018
Johannesburg | South Africa

Soos gerapporteer in Nuusbrief 211 word die jaarlikse konferensie van die International Research Group on Wood Protection vanaf 29 April tot 3 Mei 2018 in Johannesburg aangebied. IRG49 sal die heel eerste IRG-WP konferensie wees wat op die Afrika vasteland gehou word en SAWPA is trots om die gasheer en plaaslike organiseerder te wees. Ons is reeds hard aan die werk om IRG49 'n onvergeetlike geleentheid te maak vir al die internasionale gaste. Die amptelike webtuiste is reeds geskep as www.irg49.co.za en alhoewel dit tans nog onder konstruksie is, sal dit binnekort aktief word. Die webtuiste sal inligting aangaande die konferensieplek, akkommodasie, reis en vervoer, borgskappe, konferensieprogram, registrasie ens., bevat en sal van tyd tot tyd opgedateer word soos meer inligting beskikbaar word. Ons is bevoorreg dat ons reeds beloftes van borgskappe van beide plaaslike sowel as internasionale maatskappy en organisasies ontvang het, i.e. Accys Technologies

(Ne), Arch Wood Protection Lonza), DAFF, Dolphin Bay Chemicals, FFS Refiners, Lanxess (Ger), Spiess-Urania (Ger), Timberlife, and TimTech (Aus), aan wie ons graag dank en erkenning gee vir hulle gulhartige en vinnige reaksie. Die aanbied van 'n internasionale konferensie is nie moontlik sonder die hulp van borge nie, en ons vertrou dat van die ander maatskappye en organisasies aan wie ons versoeke gestuur het wel ook borgskappe sal maak. Enige maatskappy wat nie so versoek ontvang het nie, maar wel graag as borg 'n bydrae vir IRG49 wil maak, is welkom om met ons te skakel vir meer inligting rakende die beskikbare borgskap pakkette. Die pakkette maak voorsiening vir verkillende vlakke en gee dan ook, afhangende van die vlak van borgskap, voor en gedurende die konferensie erkenning en blootstelling aan die borge. Soos in Nuusbrief 211 genoem het die IRG-WP, ten einde meer plaaslike en Afrika belangstelling en betrokkenheid te kry, verlaagde konferensiefooie vir alle Afrika gebaseerde afgevaardigdes goedgekeur, en verder ook reis-hulp beskikbaar gemaak vir Afrika gebaseerde studente wat geselekteer is om 'n aanbieding by die konferensie te maak. Meer inligting hieroor sal ook beskikbaar gemaak word deur verdere kennisgewings en op die amptelike webtuiste.

SUID-AFRIKANSE NASIONALE BOSBOU SERTIFISERING STANDAARDE

Vir Lede met bosboubelange, Suid Afrika is in die proses om Suid-Afrikaanse Nasionale Sertifisering Standaarde te ontwikkel as deel van die South African Forestry Assurance Scheme (SAFAS), wat dan sal streef vir onderskrywing aan die Programme for Endorsement of Forest Certification (PEFC). Die standaarde is gebaseer op die National Principles, Criteria, Indicators and Standards Framework (PCI&S). Belangstellende partye word genooi om kommentaar op die tweede konsep SAFAS sertifisering standaard in te dien. Die standaard is aflaaibaar by die skakel http://www.forestry.co.za/safas/.

Dui sluitingsdatum vir kommentaar is 28 September 2018. Heg u kommentaar in die kolom naas die gepaste vereiste. Algemene kommentaar kan op 'n afsonderlike dokument of e-pos geheg word. Stuur u kommentaar aan Craig Norris craig@nctforest.com . Indien u enige navrae het of addisionele inligting wil kry kontak dan vir Craig Norris of vir David Everard David.Everard@sappi.com

NUUSBROKKIES

- Decorex Joburg – SAWPA het 'n stalletjie by die Gallagher Convention Centre vanaf 9 tot 13 Augustus 2017. Decorex is 'n bekende dekor, ontwerp en leefstyl skou gemik op ontwerpers, spesifiseerders en huiseienaars. Die 10de & 11de fokus op die handel en die 9de, 12de & 13de fokus op die algemene publiek.
- Net 'n vriendelike herinnering dat die Cape Construction Trade Expo vanaf 23-24 Augustus in Kaapstad by die CTICC plaasvind.

- AGFO 2017: Beroep aan alle voornemende borge en uitstaller vir AGFO Expo 2017. Die jaarlikse landbou en bosbou skou (AGFO) 2017 vind vanaf 14-16 September by die Casterbridge Lifestyle Centre in Witrivier, Mpumalanga plaas gaan na www.agfo.co.za , of kontak admin@agfo.co.za of 071 134 4197 vir meer inligting
- Die besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Junie en Julie was onderskeidelik 21727 en 39185.

Groete

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.